# HOOFSTUK 21
# Finale Bepalings

**Artikel 144 - Internasionale Reg**

Tensy die Grondwet of Parlementêre wetgewing anders bepaal, sal die algemene reëls van Internasionale Publieke Reg en internasionale ooreenkomste wat bindend op Namibië is, deel vorm van die Namibiese reg.

**Artikel 145 - Voorbehoud**

(1) Geen bepalinge in die Grondwet moet uitgelê word asof dit die Regering van Namibië belas met:

(a) enige verpligtinge teenoor enige ander staat, wat nie andersins ooreenkomstig Internasionale Reg sou bestaan nie;

(b) enige verpligtinge wat voorkom teenoor enige persoon uit handelinge of kontrakte van vorige administrasies wat nie andersins deur die Internasionale Reg as bindend op die Republiek van Namibië erken sou word nie.

(2) Geen bepaling in die Grondwet moet op enige wyse gesien word as erkenning van die geldigheid van die administrasie van Namibië deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika of deur die Administrateur-Generaal wat deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika aangestel was om Namibië te administreer nie.

**Artikel 146 - Definisies**

(1) Tensy dit uit die inhoud anders voorkom, het enige woord of uitdrukking in die Grondwet die betekenis wat aan 'n bepaalde woord of uitdrukking gegee word in enige wet wat met die uitleg van statute handel en wat voor die datum van Onafhanklikheid binne die grondgebied van Namibië van krag was.

(2) (a) Die woord "Parlement" beteken die Nasionale Vergadering en sodra die eerste Nasionale Raad verkies is, beteken dit die Nasionale Vergadering wie se handelinge wanneer dit deur die Grondwet vereis word, onderworpe is aan die hersiening van die Nasionale Raad.

(b) Enige verwysing na meervoud sluit enkelvoud in en enige verwysing na enkelvoud sluit meervoud in.

(c) Enige verwysing na die “datum van Onafhanklikheid” of “Onafhanklikheid” verwys na die dag waarop Namibië deur die Grondwetgewende Vergadering as onafhanklik verklaar is.

(d) Enige verwysing na die “Grondwetgewende Vergadering” word beskou as ’n verwysing na die Grondwetgewende Vergadering wat gedurende November 1989 vir Namibië verkies is soos bepaal deur die Verenigde Nasies se Veiligheidsraadresolusie 435 van 1978.

(e) Enige verwysing na “Staatskoerant” word gesien as ’n verwysing na die Staatskoerant van die Republiek van Namibië.

**Artikel 147 - Herroeping van Wette**

Die wette uiteengesit in skedule 8 word hiermee herroep.

**Artikel 148 - Kort Titel**

Hierdie Grondwet word die Namibiese Grondwet genoem.